

Les 19 Ons bekeer regtig na die Here toe, nie speel-speel nie.

1.Regte bekerings en die snaakse speel-speelbeking.

Kom ons kyk net gou-gou weer na wat ons die vorige kere oor bekring geleer het.

- Ons het gesien dat bekring is om na die Here toe te draai.
- Ons het toe gesien ons maak twee soorte draaie na die Here toe:
die een draai is na sy liefde toe,
die ander draai is na sy wil toe.

Die een draai is wanneer ons draai na die liefde van die Here vir ons en die tweede soort draai is wanneer ons wegdraai van wat die Here vir ons wys is die verkeerde manier om te leef en vir ons wys wat is die regte manier om te leef.

- Toe het ons na daardie snaakse draai gekyk waar mense probeer om die Here om te draai. Wanneer hulle dink hulle het die Here omgedraai dan noem hulle die Here se omdraai, hulle bekring.

Hierdie draai is somer 'n speel-speel draai. Dit is 'n speel-speel bekring want die Here kom nooit tot bekring nie. Dit is ons wat tot bekring kom.

So daar is regte bekerings en dan is daar hierdie speel-speel bekring: om God te probeer omdraai.

2.Die troonspeletjie wat mense met God te speel.

Kom ons kyk na hierdie speel-speel bekerings waarmee mense probeer om met God te speel.

Kyk wat wys die Bybel vir ons op watter troon sit Jesus. Handeling 2:32 en 33:
“God het hierdie Jesus uit die dood laat opstaan; daarvan is ons almal getuies. Hy is verhoog aan die regterhand van God.”

God die Vader het Jesus in die hemel aan sy regterhand gesit. Jesus is Here in die hemel. Dit is die Here se troon. Die troon aan die regterhand van God in die hemel.

Om op 'n troon te sit beteken dat jy aangestel is en die mag kry om te regeer. God die Vader stel Jesus aan en gee aan Jesus die mag om oor ons en die hele wêreld te regeer.

Dit is regtig. Wanneer ons tot die Here bekeer dan draai ons altyd na die Here wat in die hemel is en alle mag op hemel en aarde het.

Nou kom speel-speel dominees en raai wat sê hulle vir kinders? Hulle sê kinders moet Jesus op die troon van hulle harte sit!

Hulle maak of kinders se harte 'n troon is en kinders moet hierdie troon vir die Here gee. Om vir die Here 'n troon te gee beteken jy stel die Here aan en jy gee vir die Here mag.

Wat is hierdie ding wat hulle wil hê kinders moet doen?

Wie het vir Jesus as Here aangestel? God die Vader het Hom as Here aangestel! Waar het God die Vader vir Jesus as Here aangestel? Hy het Hom in die hemel aan sy regterhand aangestel. God die Vader gee Jesus alle mag op hemel en op aarde.

Wat maak jy met Jesus wanneer jy vir Jesus op die troon van jou hart sit?

Jy draai Jesus weg van die troon wat God die Vader vir Hom gegee het, jy draai Jesus weg van die mag wat God die Vader vir Hom gegee het en jy draai Hom om na die troon wat jy vir Hom gee, die mag wat jy vir Hom gee en die aanstelling wat jy vir die Here maak.

Wie moet nou tot bekering kom, as jy vir Jesus op die troon van jou hart moet sit?

Dit is Jesus wat tot bekering moet kom! Hy moet wegdraai van die troon en mag wat die Vader vir Hom in die hemel gee en Hy moet draai na die troon en mag wat jy vir Hom gee.

Wat se soort bekering is hierdie, om Jesus om te draai? Dit is 'n speel-speel bekering want dit is iets wat jy met Jesus speel wat nooit regtig gebeur nie. Jesus draai nooit weg van die troon wat God vir Hom gee na die troon wat jy vir Hom gee nie.

3.Die regte twee soorte bekerings.

Regte bekerings is wanneer ons na die Here in die hemel toe draai, nie wanneer ons die Here na ons toe draai nie.

Die een bekering na die Here in die hemel toe.

Ons draai na die Here aan die regterhand van God wanneer ons glo Hy het vir al ons sondes betaal en ons kan na Hom toe gaan. Ons glo Hy ontvang ons as Here in die hemel en ons gaan staan voor die Here wat Koning van die hemel en aarde is.

Ons glo dat Hy ons liefhet en ons altyd in sy liefde ontvang wanneer ons na Hom in die hemel toe draai.

Die tweede soort draai na die Here in die hemel toe.

Nog 'n draai wat ons na die Here toe maak is wanneer ons luister wat die Here vir ons wys hoe ons moet lewe in sy wet. Dan draai ons weg van ons sonde na wat die Here wil hê ons moet doen.

Dit is regte bekerings na die Here toe. Dit is heeltemal ander draai as om die Here van sy troon te probeer wegdraai na die troon wat jy vir die Here wil gee. Dit is somer 'n speel-speel beking. Dit gebeur nooit regtig nie.

4.Mense dink altyd vir die Here bekerings uit om nie te bekeer nie.

Speel-speel dominees is altyd besig om vir kinders te probeer oortuig dat hulle die Here moet omdraai. Hulle wil hê kinders moet die Here bekeer.

Kyk hoe klink hierdie bekerings wat hulle vir die Here uitdink!

Hulle sê kinders moet Jesus in hulle lewe innooi sodat Jesus in hulle lewe kan kom bly. Waarmee is die Here Jesus elke dag besig? Hy is elke dag besig om vir ons blyplek te gee binne in sy skepping. Nou wil hulle die Here omdraai. Hy gee nie meer vir ons blyplek nie. Ons moet nou vir die Here blyplek gee.

As ons vir die Here blyplek gee, dan is dit ons wat die Here omdraai en dan moet die Here tot beking kom: Hy moet hom bekeer om vir ons blyplek te gee na die Here wat die blyplek aanvaar wat ons vir Hom gee. Dit is somer speel-speel bekerings. Ons draai die Here nooit om nie.

Net so sal hierdie speel-speel dominees sê kinders moet hulle lewe vir die Here gee. Is dit 'n regte of 'n speel-speel bekerings, kinders wat hulle lewe vir die Here gee?

Wie gee vir wie lewe? Is dit die Here wat vir ons lewe gee of ons wat vir die Here ons lewe gee? Die Here gee vir ons ons lewe. Wanneer ons vir die Here ons lewe gee, dan probeer ons die Here bekeer. Ons probeer die Here bekeer van die Here wat ons lewe vir ons gee na die Here wat ons lewe moet ontvang wanneer ons dit vir die Here gee. Ons kan nie die Here bekeer nie. Hy laat hom nie deur kinders of groot mense verander nie.

Ons moet bekeer. Ons moet met die lewe wat die Here vir ons gegee het wegdraai van 'n verkeerd lewe na 'n lewe wat reg is volgens die Here se wet. Wanneer ons dit doen dan bekeer ons.

Ons moet met die lewe wat die Here vir ons gegee het na die Here se liefde draai en

binne sy liefde lewe. Wanneer ons so na die Here se liefde in geloof draai, dan kom ons tot bekering.

Dit is regte bekerings.

Om die Here te bekeer is speel-speel bekerings.

5.Die groot toets.

Die groot toets vir regte bekerings en verkeerde bekerings is baie maklik. Al wat ons moet vra is: "Draai ons na die Here toe of probeer ons die Here omdraai van wie Hy is en wat hy doen?"

Wanneer ons na die Here draai is dit regte bekerings.

Wanneer ons iets met die Here moet doen, dan is dit speel-speel bekerings